



17 Mei 2022

FAMILIENUUS 417

VANUIT DIE SINODEHUIS

Wat 'n voorreg om deel te wees van die kerk van Jesus Christus! Dís die kerk waarvoor Hy sy lewe gegee het. Dís die kerk wat die opstandings-Ewangelie kan verkondig. Dís die kerk wat mense kan oproep tot geloof. Dís die kerk wat mense kan begelei tot nuwe insigte oor God se plan vir hulle lewe. Dís die kerk wat nie volmaak is nie – en tog steeds ervaar hoedat die Here Self die vrug gee op die arbeid van gewone gelowiges.

Mag ons elkeen iets ervaar van die opgewondenheid om deel te wees van God se hier-wees in die wêreld.

RAMP IN KWAZULU-NATAL – BAIE DANKIE!

Baie dankie aan gemeentes wat vir hierdie fonds bygedra het – én ons SOS Rampfonds ook aan donateurs in die wyer gemeenskap bekend gestel het. Onthou dat ons 'n Artikel 18A – kwitansie kan uitreik vir belastingdoeleindes. Ons is opgewonde aangesien daar al hoe meer donateurs hierdie voertuig van Oostelike Sinode gebruik.

Ons kon nou reeds R195 000 oorbetaal as ramphulp. Ons skakel met gemeentes aan die Natal kus, die Christelike Maatskaplike Diens en plaaslike organisasies met wie die kerk in Natal verhoudinge het. Die fondse word aangewend vir kospakkies, drinkwater, babaklere en Bybels.

Ons heg weer die twee dokumente aan wat na die gemeentes en leraars versprei is: 'n [inligtingsstuk](#) asook die [pamflet](#) wat na lidmate, besighede en die plaaslike media versprei kan word.

LERAARS

kerksondermure het **Gerrit Visser** van Horison-gemeente as leraar beroep.

Dieter de Bruin van **Pretoria-Faerie Glen** is beroep as dosent in Praktiese Teologie aan UP.

GEMEENTES

Kampersrus-gemeente by Hoedspruit stel 'n geleentheid bekend vir 'n leraar / proponent om as aflosleraar in die gemeente te dien. Die [skrywe](#) van die gemeente se leraar, Pieter Dorey, vertel meer.

Meyerspark het 'n besoek afgelê by Wilgers-hospitaal in Pretoria om hulle ondersteuning aan en meelewing met die personeel te toon. Wat is 'n besoek nou sonder lekker eetgoed...?

SINODALE DIENSRAAD

Na 6 jaar se diens het die Sinodale Diensraad vir oulaas vergader. Die hooftema van die vergadering was om die verloop van die komende sinodesitting van 1-3 Augustus verder te beplan. Daar is 'n groot verwagting dat die Here ons 83 gemeentes nuut wil kom toerus, inspireer en bekragtig om waarlik post-Covid gemeentes te wees wat 'n verskil in hierdie wêreld gaan maak.

Ons het ook besin hoe die sinode gemeentes kan help om na die pandemie sterker op te staan en met nuwe visie en passie beter en sterker te funksioneer as gemeentes. Ons wil weer verhoudinge versterk en besin oor ons evangeliese roeping en uitreik na ons gemeenskappe.

Ons weet ook dat al ons menslike pogings uiteindelik op niks sal uitloop en dat net wat deur die Heilige Gees tot stand kom, ewigheidswaarde sal hê. Kom ons bid daarom meer as ooit in hierdie Pinkstertyd dat die viering van die koms van die Heilige Gees 'n nuwe vuur in ons aan die brand sal steek sodat ons die Evangelie met nuwe krag en ywer sal uitdra.

Kom ons bid ook spesiaal vir ons leraars wat die Pinkster-byeenkomste sal hanteer en ook dat ons nuut versterk sal word by die Predikantekonferensie in Skukuza.

Dirkie van der Spuy

MOSAMBIEK

Ons gee graag inligting deur vir gemeentes wat in [Mosambiek](#) betrokke is. Hier is 'n geleentheid wat julle nie moet mis nie.



CMR NUUS

[Geweld](#) is nie noodwendig ver van ons af nie...

SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons het reeds die eerste **geloofsbriewe** van gemeentes ontvang. Ons heg die [proforma-geloofsbrief](#) weer hier aan.

Ons heg ook 'n lys aan van [gastehuse](#) wie se besonderhede ons het.

Die Fondsediensgroep is besig om te werk aan 'n model waarvolgens ons aan gemeentes wat van ver moet kom en ook verblyf moet betaal, help met die onkoste wat hulle per afgevaardigde moet aangaan.

Die Sinodale Diensraad finaliseer tans die inhoud van die sakelys.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Theo Smith van die Pensioenkantoor gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket. *Die begrafnispolis is nie opsioneel nie – net soos die lewensversekering of ongeskiktheidsversekering nie opsioneel is nie. Leraars moet asseblief dadelik reëlings tref vir die dokumentasie en oorbetalings.*

Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetal word.

Let wel: hierdie premie-betaling word afsonderlik van die Retirement Fund Web pensioen-transaksie gedoen. Hierdie reëling word so deur die Pensioenfonds-wet voorgeskryf.

Ons stuur hiermee [Omsendskrywe 2 van 2022](#) en [Omsendskrywe 3 van 2022](#). Alle navrae kan aan Theo Smith van die Pensioenkantoor by theo@pensioene.co.za gerig word.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za.

Hier is inligting oor die viering van die kerkjaar-[werkswinkel](#) asook 'n geleentheid vir almal wat naby [aftrede](#) is.

Die **Bybelgenootskap** gee nuus oor die aanstelling van Dr [Dirk Gevers](#).

Gryskrag stel hulle [werksaamhede](#) bekend.

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

'n Belangrike stukkie administrasie in elke kerkkantoor is die jaarlikse **Inventarisvorm**. Die [vorm](#) word hier aangeheg met die versoek dat dit asseblief spoedig na die Sinodehuis teruggestuur word.

Baie belangrik vir die aandag van die finansiële beampte! Gemeentes se **belasting-opgawes** moet ingedien voor die verlengde sperdatum (31 Mei 2022). Dit moet aanlyn gedoen word . Die besonderhede is ook op Oostelike Sinode se webwerf. Kontak gerus die Sinode se Bedryfsbestuurder, Cathy Odendaal, vir hulp hiermee.



VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 30 Mei verjaar. Seënwense!

PREDIKANTE

- 17 Mei - Jean Strydom, Nelspruit-Suid
- 19 Mei - Ronel Coertzen, Chrissiesmeer
- 21 Mei - Sas Conradie, Pretoria-Oosterlig
- 22 Mei - Marius Swart, Nelspruit-Westergloed
- 24 Mei - Derick Claassens, Meyerspark
- 26 Mei - Doret Niemandt, Valleisig
- 29 Mei - Karin Steyn, Tygerpoort

EMERITI

- 18 Mei - Frans Conradie, Florida 2003
- 19 Mei - Jannie van Eeden, Groblersdal 2013
- 22 Mei - Willem Nortjé, Komatipoort 2021
- 23 Mei - Floors Ellis, Meyerspark 2008
- 3 Mei - Nita van der Merwe, CWR Direkteur 2008
- 29 Mei - Johan Smit, Lyttelton-Oos 2003
- 30 Mei - Janus Roux, Elarduspark 2014

GEMEENTES

19 Mei - Tzaneen-Wolkberg (46)

20 Mei - Dennesig (31)

29 Mei - Meyerspark (63)

PERSONEEL

27 Mei - Tersia Petzer, Oostelike Sinode

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

